Desember 2024 3/24

GK Pretoria-Annlin Maandblad

# Die Fontein



Eer Christus met jou Kersfees!

Die Here rus toe ...

Pak jou kind se geloofstas!

Die Fontein
Maandblad

Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin

# DIE MAAND IN DIE FONTEIN

Desember 2024


| | |
|---|---|
| Redaksioneel | **01** |
| Geestelike groei | **02** |
| Gemeente-gebeure | **12** |
| Kinderhoekie | **21** |
| Briewekolom | **25** |
| Snuffelfontein | **26** |


## Gebed vir die maand

**Ons Vader, verlos ons van die wêreldwysheid van ons tyd,
van skeptisisme wat soos ryp oor ons lewe kom lê het
en ons geloof verskrompel en verskroei.
Ons bid vir 'n terugkeer in ons tyd
na kinderlike vertroue
in U goedheid en wysheid en liefde.**

**AMEN**

**(Peter Marshall)**

# Uit die Redakteur se Pen

Die jaar staan alweer einde se kant toe en binnekort vier ons Kersfees. Dan kom families bymekaar en is dit 'n vrolike tyd, 'n tyd om mekaar te bederf met kersgeskenke, 'n tyd waartydens familiebande gesmee word, wat gewoonlik gepaard gaan met 'n heerlike saameet. Vir sommiges kan dit ook 'n hartseer tyd wees, veral as jou geliefde jou deur die loop van die jaar, of selfs vroeër, na ons Here vooruitgegaan het en jy tydens Kersfees ernstig bewus word van jou eensaamheid.

Hoe beplan jy om vanjaar Kersfees te vier?

**Staan Christus nog sentraal in jou manier van kersfeesviering?**

Of word jy ook meegesleur deur die wêreld se beeld van Kersfees, nl. Vader Krismis met sy slee en trekdiere? Kersbome en liedere soos "Jingle Bells", wat niks met die geboorte van ons Meester te doen het nie?

Die redaksie het dit goedgedink om vandeesmaand **"Eer Christus met jou Kersfees"** as tema te kies met die hoop dat ons elkeen bietjie sal stilstaan en besin waaroor Kersfees werklik gaan. Ons mag (en moet) vrolik en bly wees, maar om die regte rede! Vir ons is Christus ons Saligmaker gebore!

Ons wil vir julle almal 'n geseënde Kersfees toewens.

Vir ons lidmate wat met vakansie gaan, wil ons ook graag sê: Geniet dit, reis veilig en pas julleself mooi op. Ons sien daarna uit om julle weer terug te ontvang.

Onthou asseblief dat ons graag tweerigtingkommunikasie met ons blad wil aanmoedig. As jy dus graag 'n gedagte wil opper, hier is hoe jy dit kan doen:

- Stuur 'n **WhatsApp** na ons Kerkkantoor by **079 162 3453.**

- Skryf 'n brief aan die redaksie by **fontein@annlin.co.za.** Ons plaas graag jou briefie in die briewekolom.

# Woordoordenking: Die ware Gees van Kersfees

Ek glo dat Kersfees vir ons almal 'n spesiale tyd van die jaar is.

Vir baie van ons is dit 'n tyd van vakansie hou en by ons familie wees.

Maar as ons nie waaksaam sou wees nie, is dit geneig om ook 'n baie selfsugtige en selfgesentreerde tyd in ons as gelowiges se lewens te raak.

'n Tyd van die jaar waar ons geneig is om net aan onsself te dink en nie aan die belange van ander nie.

As dit die geval sou wees, dan is ons nie besig met die ware Gees van Kersfees nie.

Of beter gestel, dan sal die ware Gees, wat by die eerste Kersfees in Jesus geheers het, nie ook met ons en in ons besig kan wees nie.

Nêrens in die Bybel word hierdie ware Gees van Kersfees vir ons beter beskryf as in **Filippense 2: 7–8** nie.

In dit wat ons Here Jesus bereid was om te doen, juis omdat Hy nie aan Homself gedink het nie, maar aan elkeen van ons se ewige belange!

## Lees: Filippense 2: 6–8

**Dit is die ware Gees van Kersfees!**

Gaan ek en jy daardie Gees toelaat om ook in ons te werk en in ons te heers tydens hierdie Kersgety?

Stel jou elke dag tot Sy beskikking, sodat dieselfde gesindheid wat in Christus Jesus was ook in jou kan wees en Hy in jou kan wees (Fil. 2: 4–5).

Vraag om oor na te dink:
**Waarom sou Jesus dan sê dat dit " 'n mens gelukkiger maak om te gee as om te ontvang?"** (Hand. 20: 35)

# Kersfees

Ons vier Kersfees omdat ons bly is dat Christus vir ons gebore is – mens geword het om ons te verlos. **Deur Kersfees te vier, vier ons die koms van die ware lig in die wêreld.**

Met Kersfees erken ons opnuut dat ons 'n lewende God aanbid wat omgee en wat bemoeienis maak met sy kinders. Ja, met Kerstyd is ons bly oor ons verlossing en vier ons die wonder van God wat Homself aan die mensdom bekend gemaak het.

Dit maak nie saak of 25 Desember dalk nie die presiese dag is waarop Jesus gebore is nie – die dag en datum definieer nie wie en wat Jesus Christus se koms vir ons beteken nie. Die geskenke wat ons vir mekaar gee, is tekens van die geskenk van lewe wat ons met sy geboorte ontvang het.

Die verhaal van Jesus se geboorte is opgeteken in **Matteus 1: 18–25, Matteus 2: 1–12, Lukas 1: 26–38 en Lukas 2: 1–20.**

**Matteus 2: 1 & 2 en 10 & 11:**

Jesus is in Betlehem in Judea gebore tydens die regering van koning Herodes. Na Jesus se geboorte het daar sterrekykers uit die ooste in Jerusalem aangekom en gevra: "Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is? Ons het sy ster sien opkom en ons het gekom om aan Hom hulde te bewys." Toe hulle die ster sien, was hulle baie bly. Hulle het in die huis ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy moeder, gesien, en hulle het gekniel en aan Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre.

Die Bybel vertel aan ons 'n groot en belangrike verhaal – die verhaal van God se bemoeienis met ons as mense van die skepping af tot by die vooruitskouing van die herskepping van die nuwe hemel en aarde. Dit is die verhaal van God se liefde vir ons as mense.

So vervul elke persoon van wie ons in die Bybel lees, 'n rol in dié verhaal sodat ons iets daaruit kan leer. So ook die sterrekykers waarvan ons in Matteus lees. Omdat ons net in Matteus van hulle lees, sou ons dalk kon dink dat hulle nie juis 'n groot en belangrike rol in die groot verhaal van God vertolk nie.

Matteus vertel slegs dat hulle uit die Ooste gekom het. Ons neem aan dat dit waarskynlik verwys na Mesopotamië - die ou Babilonië, Assirië en Persië waar die slim en geleerde wetenskaplikes van daardie tyd gewoon het. Hierdie mense het 'n deeglike studie van die sterre en die hemelruim gemaak. Dié dat hulle die vreemde ster waarneem – 'n ster waarvan daar reeds in die ou geskrifte melding gemaak is.



# Kersfees (vervolg)

Hulle was baie opgewonde, want hierdie ster het beteken dat daar 'n nuwe koning gebore is. Hierdie sterrekykers het besluit om te gaan kyk of dit wat in die voorspellings gesê is, waar is. Hulle het hulle kamele gepak en die lang reis aangepak. Gelei deur die ster het die sterrekykers 'n afstand van ongeveer 700 km vanaf Persië of Babilonië afgelê. So 'n reis sou ten minste 30 tot 45 dae lank geneem het.

Dit sou gevaarlik gewees het om so 'n reis aan te pak. Rowers kon hulle voorlê en ongediertes kon hulle aanval. Hulle moes mooi beplan sodat hulle genoeg water en kos saamneem en moes ook weet waar hulle dit langs die pad kon aanvul.

Dit het nie hulle entoesiasme gedemp nie. Hulle het die reis aangepak en voltooi. Hulle het vir Josef en Maria vertel van die ster wat hulle na Betlehem gelei het. Hulle het gekniel en waardevolle geskenke aan Jesus gegee: goud, wierook en mirre. Geskenke wat hul rykdom aandui, maar ook die eerbied wat hulle vir die Koning van die Jode gehad het.

Hulle aanbid die Kind in sy nederige krip. Hulle, die vreemde mense uit die ooste, bring hulde aan die Seun van God.

**Watter wysheid kan ons by die sterrekykers leer?**

- Hulle is bly oor die koms van Jesus. Is ons elke dag verheug oor die koms van Jesus?
- Hulle het besef wat die ster beteken. Besef ons wat die koms van Jesus vir ons beteken?
- Hulle is opgewonde om meer oor die betekenis van die ster uit te vind. Is ons opgewonde om elke dag meer van Jesus te leer?
- Hulle laat hulle nie afskrik deur 'n gevaarlike reis nie. Is ons koersvas of roep ons halt by die eerste uitdaging?
- Hulle soek die kind met vasberadenheid. Soek ons God elke dag met 'n vasberade hart?
- Hulle is bereid om groot ontbering te verduur om Jesus te gaan ontmoet. Is ons bereid om van ons gemak prys te gee en swaar te kry ter wille van ons reis saam met Jesus?
- Hulle het 'n kindjie gesien, maar 'n Koning herken. Herken ons vir Jesus as ware God?
- Hulle konfronteer die samelewing met die werklikheid van die geboorte van die Koning: Jesus Christus. Eer ons elke dag ons Koning?

# Kersfees (vervolg)

- Hulle stel 'n voorbeeld deur hul aanbidding van Jesus. Stel ons 'n voorbeeld as kerkmense vir ongelowiges?
- Hulle behandel Jesus met respek en bewondering, buig voor Hom en aanbid Hom. Behandel ons God elke dag met respek? Aanbid ons Hom opreg en met blye harte?
- Hulle bring hulde aan Jesus en gee van hul kosbare besittings as geskenke. Is ons bereid om dinge wat vir ons kosbaar is, prys te gee ter wille van ons geloof? Is ons bereid om van ons besittings aan arm mense te gee?
- Hulle laat hulself deur God se openbaring in woord en teken lei. Laat ons ons lei deur die Woord van God wat reeds aan ons geopenbaar is?
- Nadat hulle Jesus ontmoet het, het hulle anders na hulle land teruggegaan as wat hulle gekom het. Verander ons ontmoeting met Jesus ook ons lewenspad?

Kersfees is 'n tyd van feesvieringe. Dit is 'n tyd van blydskap en dankbaarheid. Maar dit is ook 'n tyd van refleksie.

Is ons so bly soos die herders oor die geboorte van Jesus dat ons vir almal daarvan vertel?

Is ons so opgewonde oor die gebeurtenis van ons verlossing soos wat die sterrekykers oor die koms van Jesus was?



# Ek bring vir jou Kersfees

**Ek bring vir jou 'n kaartjie**
**in hierdie nuwe feestyd,**
**uit liefde self gemaak.**
**Vol blinkertjies en sterre**
**om jou hart weer aan te raak.**
**Ere aan God, sê my kaartjie,**
**in hierdie Kersfeestyd.**
**En vrede vir elkeen, en almal,**
**vir wie Hy in liefde dra.**

Kersfees. Die een dag wat ons spesiaal afsonder om vir God dankie te sê dat Hy so vir ons voorsien het! Hy het vir ons Sy Seun, Sy enigste, aarde toe gestuur om vir ons te voorsien, te leer leef. Hy het gekom as 'n baba – klein en weerloos in 'n krip. Arm. En tog so ryk en vol liefde en wysheid. 'n Lig vir ons lewens.

Kersfees. Die een dag in ons jaar wat ons spesiaal moet afsonder om weer te besef hoe bevoorreg ons is dat God sy Seun vir ons gestuur het om ons te leer hoe om te leef.

Mag jy dié jaar 'n gelukkig "Kerswees" hê, soos die kleiner kinders sê. Mag jy 'n kers, 'n stralende lig vir almal rondom jou wees – 'n kers wat nooit uitbrand nie en wat lig en warmte aan almal rondom jou gee. Veral nou in dié tyd wanneer mense alleen en eensaam is; waar daar mense is wat swaarkry en 'n behoefte het aan kos of klere.

Mag jy jou kers-wees-liefde met almal deel, want jy is dankbaar omdat God aan jou voorsien het – veel meer as net kos en klere.

# Eer Christus met Kersfees

Dit is met dank en 'n wens in my hart dat hierdie feesgety gevul word met U nabyheid en vreugde om te weet dat U nie net binne my leef nie, maar ook in hierdie stukkende wêreld.

Vreugde en vrede is net by U te vinde deur U te dien – nie uit vrees of "die regte ding om te doen nie", maar uit totale afhanklikheid en nederigheid aan U wat ons genade (gratis) deur U bloed geskenk het.

Daarom kan en wil ek vir ander bid wat deur moeilike tye gaan, die wat vêr van U leef, die wat in 'n worstelstryd met U is, die wat mag oor ander uitoefen en die wat 'n eensame Kersfees beleef.

Mag ons hande vat en 'n telefoon optel en die vrymoedigheid hê om mekaar te vra: "Mag ek die Kersfees by jou kom kuier?"

Agape liefde



# Juis by ons Here wanneer ons vakansie hou!

Wanneer ons Here die wêreld skep, **RUS HY** op die sewende dag van sy skeppingswerk. Tog hou Hy nie op om te werk nie, want – soos Psalm 121 dit stel – beskerm Hy ons waar ons ook gaan, nou en vir altyd. Hy sluimer nie in nie en Hy slaap nie, want Hy is in sy liefde besig om jou en my te beskerm en te bewaar!

As mense mag ons een keer per week, elke Sondag, rus van ons elke-dag se werk. Ons mag by ons Here tot rus kom en beleef hoe Hy ons geestelik versterk sodat ons ons lewe voluit vir Hom kan leef.

Soms kry ons egter ook die geleentheid om met vakansie te gaan. Soos die Latynse woord vacatio aandui, waarvan ons vakansie afgelei is, beteken vakansie dat jy vrygestel is van diens, dat jy van jou werk kan rus.

'n Vakansie is dus eintlik 'n langer Sondag waartydens jy energie opbou sodat jy weer die volgende treë in jou lewe kan gee.

Juis daarom is vakansie-tyd **dié tyd om by ons Here tot rus te kom.** Hy is immers die ware bron van rus vir ons elkeen. Daarmee saam gee Hy, in die woorde van Jesaja 40, die vermoeides krag en gee Hy nuwe krag vir elkeen wat op Hom vertrou!

Mag elkeen van ons wat dus die voorreg het om in hierdie Desember-tyd met vakansie te gaan, in besonder tyd maak om met ons Here om te gaan.

Mag ons elke Sondag aan eredienste deelneem, al is ons by die see of in die berge. Mag ons elke dag persoonlik en saam met ons gesin Bybel lees, oor ons Here gesels en ook biddend met ons Here gesels.

**Mag ons elkeen elke minuut gebruik om verwonderd te wees oor ons Here ... in sy grootsheid, in sy genade en in sy sorg!**

# Die Here rus my toe vir 2025

**Ek rus jou toe vir jou taak al ken jy My nie. Ek self sal voor jou uitgaan en hoogtes gelykmaak. Ek sal vir jou skatte gee wat in die donker gebêre word ... sodat jy kan weet dat Ek jou op jou naam geroep het, Ek, die God van Israel** - uittreksels uit Jesaja 45: 2–6.

Eksodus 4: 10–12: **Toe sê Moses vir die Here: "Ag, Here, ek kan nie goed praat nie; ek kon nie vroeër nie en ek kan ook nie nou, hier waar U met my praat nie. Ek praat swaar, en my tong sukkel." Daarna sê die Here vir hom: "Wie het aan die mens 'n mond gegee? Wie maak stom of doof of siende of blind? Is dit nie Ek, die Here, nie? Gaan nou, Ek sal jou help met die praat en jou leer wat jy moet sê."**

Die nuwe jaar is om die draai en jy wil jouself goed daarop voorberei. Aan die een kant wil jy reg wees vir al die uitdagings en eise wat 'n nuwe skooljaar, jou werk en huisgesin aan jou gaan stel, maar jy wil ook graag antwoord op die roepstem van die Here.

Jy voel dalk oorweldig deur die voortuitsigte van 'n nuwe jaar en wanneer jy moet beplan, weet jy nie hoe en waar om te begin nie. Jy voel dalk of jy nie heeltemal toegerus is om al die verantwoordelikhede wat op jou wag in die nuwe jaar aan te pak nie.

Kyk net terug oor jou lewe en jy sal sien dat God reeds in jou lewe gewerk het. Hy was al die tyd besig om jou toe te rus. Alles wat al in jou lewe gebeur het en alles wat jy daaruit geleer het, kan jy in 2025 gebruik.

Die Here het Moses sorgvuldig voorberei vir sy taak. Hy het dit beskik dat Moses deur 'n Egiptiese prinses gevind en aangeneem is en dat sy eie ouers, Amram en Joggebed, hom in sy babajare vir die prinses versorg het. Later het hy die beste opleiding, wat daardie tyd beskikbaar was, in die paleis ontvang.

Die Bybel vertel: Moses is opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars en hy het uitgeblink in woord en daad (Handelinge 7: 22). Later in sy lewe moes Moses vlug nadat hy 'n man doodgemaak het en het hy by Jetro in Midian, 'n bar en droë streek, beland. Hier het hy 40 jaar lank skape opgepas en dié woestyn baie goed leer ken omdat hy kruis en dwars deur die woestyn met die skape agter kos en water aan rondgetrek het. Dit is hierdie selfde woestyn waar die volk Israel later weer 40 jaar lank rondgetrek het. Alles in Moses se lewe het gebeur om hom voor te berei vir sy taak wat die Here aan hom opgelê het.

Dieselfde geld vir Daniël, Samuel, Dawid, Petrus en Paulus.

# Die Here rus my toe vir 2025 (vervolg)

Ons lees vir die eerste keer in die Bybel in Eksodus van gawes wat God aan mense gee. Die Here het aan Besaleël en Oholiab, twee vakmanne, en al die ander vakmanne wat hulle gehelp het, kennis, verstand en vaardigheid gegee om die tabernakel te bou (Eksodus 36: 1). Die Here het ook aan Besaleël en Oholiab die vaardighede gegee om ander mense op te lei. God rus ons dus toe met die gawes wat ons nodig het om die taak wat Hy vir ons het, uit te voer.

God bemagtig ons om diensbaar te wees deur alledaagse dinge soos gebed, finansiële ondersteuning, vriendskap en administratiewe kundigheid.

Hy gee ons die krag, wysheid en vermoë om elke taak te behartig.

Hy bemagtig ons met sy Woord as handleiding. In 2 Timoteus 3: 16–17 staan dat God sy Woord gegee het om ons toe te rus vir elke goeie werk.

Hy is met ons deur die Heilige Gees wat in ons woon en werk.

Wees dan gerus, met die Gees aan jou sy en met sy Woord onder jou arm, is jy toegerus om 2025 aan te pak.

**“As God jou roep, sal Hy jou ook toerus.” - Henry Blackaby**

Liewe Vader van wysheid en genade, dankie dat U my so goed ken en presies weet wat ek nodig het om die nuwe jaar aan te pak – nie net om my werk te doen en my skoene vol te staan in die samelewing nie, maar ook om my kant te bring in die take wat U aan my opgelê het. Maak my oë oop vir U wegwysings, my ore oop vir U raad en my hart oop vir U woorde.

# Pak jou kind se geloofstas

Die geur van somer en vakansie hang nou vars in die lug en die belofte van rus klop aan die deur. Ons gaan binnekort vakansietasse pak en die lang pad vat, maar as ons die vakansietas uitpak, moet die skooltas weer gepak word. Ons moet sorgvuldig gereed maak vir die nuwe jaar met sy nuwe plesier asook uitdagings.

Baie van ons kinders moet volgende jaar ’n nuwe “omgewing” betree. Dit is nie net ons kinders (kleuters) wat vir die eerste keer skool toe gaan of kinders wat van die laerskool na die hoërskool vorder nie, maar ook jongmense (studente) wat die hoërskool vir universiteit of ’n beroepslewe verruil. Dit sluit natuurlik ook kinders wat nuut ingetrek het en by ’n nuwe skool moet aanpas in. Hul tasbare tasse is dalk gereed en gepak, **maar wat pak ons in hul geloofstas om hul gereed te maak vir die veranderinge wat voorlê?**

- Eerstens moet die Bybel die fundamentele item in die tas wees. Dit is ’n riglyn vir jou as ouer, maar ook ’n riglyn vir jou kind. Vrees, onsekerheid en verwarring gaan met tye sy verskyning maak, maar die kind wat die regte pad gewys is, sal hul vertroosting in die beloftes wat God aan sy kinders deur Sy Woord gee vind.
- Tweedens moet die instrument van gebed ingepak word. Die Woord leer ons in Filippense 4: 6–7: **“Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking, met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.”** Dit is die één instrument waartoe jou kind altyd toegang sal hê, enige tyd en enige plek. Jy as ouer moet hul egter leer van hierdie wonderlike voorreg om met hul Skepper te mag praat. Pak dus jou kind se geloofstas vol gebed, deur saam met hulle te bid en hul ook geleentheid te gee vir stilgebed of selfs om hul gebede neer te skryf.
- Derdens is geen geloofstas ten volle gepak sonder geloofsbeginsels nie. Ons kinders moet deur ons voorbeeld leer hoe om hul geloof uit te leef. Die gelowige lyk anders in hierdie wêreld omdat daar van ons verwag word om nederig, liefdevol en vergewensgesind te wees. Pak dus die Vrug van die Gees waarvan ons in Galasiërs 5: 22–23 lees in jou kind se tas. Ons is die ligdraers van die wêreld en so stuur ons dan ons kinders ook uit om ligdraers te wees.

# Gebedsbediening: Gebede om Christus te eer die maand

- **Diensbaar**
  - Spreuke 1: 7 'Kennis begin met die dien van die Here."
- **Dankbaarheid**
  - Efesiërs 5:20 "Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus."
- **Lofsang**
  - Efesiërs 5: 18b-19 "Nee, laat die Gees julle vervul, en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here."
- **Rus geestelike en liggaamlik**
  - Spreuke 116: 7 "Ek moet nou tot rus kom, die Here het goed aan my gedoen."
- **Selbeheersing**
  - 2 Timoteus 1: 7 "Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag in liefde en selfbeheersing."
- **Vertroue**
  - Jesaja 30: 15 "So het die Here my God, die Heilige van Israel, gesê: As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle krag lê in stil wees en vertroue hê."

Daar is 'n gebedsbedieningsgroep wat gebedsversoeke hanteer.

Indien u anoniem wil bly, is dit geen probleem nie. U saak sal op dieselfde wyse aan die Here opgedra word.

Volg hierdie skakel op Annlin se webblad na gebedsbediening.

# Nuut op ons jaarprogram: Stille Week 2025

Wanneer Paulus met die Korintiërs oor sy prediking gesels, sê hy spesifiek:

**Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde.**

Hiermee beklemtoon hy die kernfokus van ons geloofslewe, naamlik ons Here Jesus se kruisdood en oorwinning oor die dood: **Goeie Vrydag en Paassondag!**

In lyn hiermee het die kerkraad besluit om in 2025 'n nuwe fokuspunt op ons jaarprogram in te sluit, naamlik die Stille Week. Van **13-20 April 2025** gaan ons gefokus stilstaan by die gebeure rondom die laaste week van ons Here Jesus se lewe.

Soos dr. Jan Venter in sy boek 'Op Jesus se laaste sewe dae voetspoor' skryf, wil ons stilstaan by die vraag: Hoe het Jesus sy pad daardie laaste week van Sondag tot Sondag geloop en wat was die boodskap vir ons uit elke dag se gebeure?


Daarom gaan ons, behalwe vir die gebruiklike eredienste, elke dag van die week in die aand 'n stilte-byeenkoms hê.

Tydens sodanige byeenkoms gaan ons by die gebeure in Jesus se lewe daardie spesifieke dag van die week stilstaan. Met sang, musiek, stilte, voorlesing en oordenking van die Woord gaan ons tot rus kom by ons Here en sy besondere genade-werk deurleef!

Donderdagaand gaan ons saam Nagmaal vier – op dieselfde aand as wat Jesus die Nagmaal ingestel het.

En Sondagoggend vroeg, met dagbreek, gaan ons soos die vroeë kerk, die opstanding van ons Here Jesus saam vier en saam uitroep: **Die Here leef!**

Kom ons dagboek sommer nou al hierdie week se byeenkomste en maak so seker dat ons saam kan ingroei in die betekenis van hierdie laaste treë van ons Here Jesus ter wille van ons!



# Kerkfinansies

Met ons eerste uitgawe van die Fontein-maandblad het ons na die werksaamhede van die Geboue- en Terreinkommissie gekyk. Met die tweede uitgawe het ons gefokus op die kerkraad se regeertaak en die gepaardgaande standplaaskoste. Vandeesmaand is die fokus op die Evangelisasiekommissie.

Die **Evangelisasiekommisie is 'n kommissie onder die kerkraad se toesig om al die evangelisasieprojekte** in die gemeente te koördineer. Hierdie kommissie rapporteer dus aan die kerkraad.

Die finansies van die kerkraad (kerkkas) en die finansies van die evangelisasie-kommissie word tans deur middel van aparte rekeninge bedryf. Dit kom egter nou voor asof die evangelisasiefinansies nie deel is van die kerk se finansies nie. Derhalwe het die kerkraad besluit dat toekomstige verslaggewing ook die finansies van die evangelisasiekommissie moet insluit en om, in die toekoms, die twee rekeninge te integreer.



Evangelisasie is 'n opdrag wat deur Christus gegee is om die evangelie aan alle mense te bedien. Christus beveel sy dissipels (en ook ons) in Matteus 28: 19-20 as volg:

**"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."**

Om hierdie opdrag te kan uitvoer, is daar kostes aan verbonde. Ons gemeente se evangelisasieaksies kan in ses verskillende komponente opgedeel word:

- **Begeleiding van die gemeente.** Dit is die bewusmaking onder ons lidmate van die noodsaaklikheid en elkeen se verantwoordelikheid om hierdie opdrag uit te voer. Dit sluit ook die toerusting van ons lidmate in.

- **Evangelisasie in eie omgewing.** Dit is al die aksies binne die bestek van die gemeente. Die onlangse "Bid vir vyf" is so 'n projek.

# Kerkfinansies (vervolg)

- **Evangelisasie in nabye omgewing.** Dit sluit in die verkondiging van die evangelie in ons eie land binne gerieflike reisafstande. Die Gereformeerde Kerk Mmakau het byvoorbeeld deur so 'n aksie tot stand gekom. Tans fokus die kommissie op 'n nuwe ontwikkeling te GaRankuwa.

- **Buitelandse evangelisasie.** Jesus sluit ook die "uithoeke van die wêreld" in wanneer Hy in Handelinge 1: 8 vir sy dissipels sê dat hulle sy getuies sal wees. Ons gemeente het in 'n groot mate betrokke geraak by evangelie-verkondiging in Mosambiek. Sedert 2011 word dié land jaarliks besoek en word daar uitgereik na die gelowiges om hulle toe te rus om die evangelie verder uit te dra.

- **Bybelverspreiding.** Bybels word aangekoop en uitgegee aan behoeftiges of herverkoop teen 'n weggeeprys van R20 per Bybel. Elke jaar stel die evangelisasiekommissie 'n teiken. Vanjaar was die teiken 500 Bybels en hierdie teiken is reeds oorskry.

- **Administrasie.** Dit sluit in fondsinsamelingsprojekte en die administratiewe werk verbonde aan die bostaande vyf komponente.

**Die konsepbegroting vir 2025 word in die tabel hieronder aangetoon.**

| | Inkomste (R) | Uitgawes (R) |
|---|---|---|
| Begeleiding van gemeente | * | * |
| Evangelisasie eie omgewing | * | * |
| Evangelisasie nabye omgewing | * | * |
| Buitelandse evangelisasie | * | * |
| Bybel- en lektuurverspreiding | * | * |
| Administrasie | * | * |
| **Totaal** | * | * |


Uit die begroting is dit duidelik dat die uitgawes die inkomstes grootliks oorskry. Daar word vertrou dat nog bydraes sal inkom om die inkomste te verhoog. As dit egter nie gebeur nie, sal die kommissie se beleggingsrekening gebruik moet word om tekorte aan te vul en/of daar sal aan die beoogde projekte besnoei moet word.

Ons lidmate word vriendelik versoek om, by die afdra van hul maandelikse dankoffer, ook die behoefte van die gemeente se evangelisasie doelwitte in ag te neem om so ook Christus se opdrag uit te voer.

# Kerssangdiens: 24 November 2024

**Hy gee aan ons, soos lank verwag,**
**Die redder van die volk –**
**Verlossing uit die vyandsmag**
**En donker onweers wolk.**

Terwyl ons dié woorde van die Loflied van Sagaria sing, druis die storm buite die kerkgebou al harder en harder, totdat selfs die orrel later onhoorbaar is … Ons beleef iets van ons geborgenheid in ons Here … Buite woed 'n strorm en die hael lê spierwit op die grasperk (seker die naaste wat ons al aan 'n wit kersfees hier in die noorde van Pretoria beleef het). Maar ons is veilig binne, weggesteek van die 'donker onweerswolk'.



Daar word besluit om die program tydelik te staak. Toe die storm effens bedaar, word ons bedien met voorlesings, instrumentspel, sang en prediking. In die prediking sien ons raak wie God gebruik, wie by Jesus kom en ons besef dat hierdie tyd, wat ons nou met sang en aanbidding ingaan, besinningstyd is. Tyd om tot God te nader. Tyd om te besef dat ons uit genade by Jesus, die Oorwinnaar mag kom. Dat Hy ons weer in hierdie tyd wil gebruik om te verkondig, te getuig en deel te word van die skepping wat van Sy magtige dade vertel.

Dankie aan elkeen wat hulle talente op hierdie manier gebruik het om ons as gemeente te begelei om die kerstyd in te gaan met ons fokus op Jesus Christus. In afwagting op Sy tweede koms, terwyl ons Sy eerste koms vier.

**Aan Sy verbond bly Hy getrou,**
**Beloftes sal Hy hou**
**Daarom kan ons Hom altyd dien**
**Solank ons hier mag leef**
**Die vyand sal ons werke sien**
**En almal voor Hom beef.**









# Belydeniskamp 2024

Esrie Venter gee terugvoer:

Maandagoggend vroegdag tree ons almal - Esrie, Melissa, Alicia, Lu-Issa, Jeandré, Tiaan, Yurich en Heinrich - reeds om 05:45 by ds. Pieter se huis aan om met die tweedehandse-verkoping te help.



Oom Johnny vertel vir ons die geskiedenis van die verkope, terwyl ons help uitdra en verkoop. Dit was 'n belewenis om te sien hoeveel mense by die verkoping opdaag, dit regtig nodig het en gretig is om Bybels te koop. Daarna vertrek ons in die Kombi na die Eden-kampterrein.

By ons bestemming aangekom, kon ons rustig uitpak, eet en besef dat ons nie individueel sou oorleef het indien ons vliegtuig in -25° C-weer, 35 km van die naaste dorp af sou neerstort nie. Saam het ons 'n groter kans op oorlewing ... besef ons volgens die ysbreker.

Ons gesprekke spring nou weg met verhale van ons lewens en ons verhouding met die Here. Die temperatuur op die kamp is egter aansienlik meer as die -25° C en styg tot 38° C, wat ons fokus beproef.



Elke dag begin met ontbyt en dan stiltetyd. Die gesprekke is goed gespasieer met Kit-Kat's (Take a break!), waartydens ons kan rus en in die swembad afkoel. Soos die kamp vorder, val al hoe meer goggas ons aan, gaan slaap ons al hoe later en rondom die staaltafel word 'n hond uit 'n bos gekuier, meer vrae gevra, lekkerder geëet, en kennis opgebou terwyl ons mekaar leer ken.



Ons kom al meer tot die besef wat dit beteken om belydenis van geloof af te lê: **Die beloftes wat ons gaan maak en hoe die Here dit gaan gebruik om ons lewens verander, saam met die prys wat dit ons gaan kos om as dissipels van Jesus te leef word vir ons duidelik.**

Uiteindelik word ons vol kennis huis toe gestuur met 'n belangrike besluit wat op ons wag...

# Kersliedere by Kerslig-piekniek




Wanneer die son op **24 Desember** agter die boomtoppe verdwyn en die projeksie op die kerkmuur sigbaar word, begin ons jaarlikse **Kersliedere by Kerslig**-geleentheid.

’n Heerlike, gesellige saamsing-geleentheid op die grasperk voor die kerkgebou onder die sterrehemel. Hierdie is ’n geleentheid waartydens ons as gemeente die geleentheid het om ons lig in die wêreld te laat skyn en te getuig dat ons Kersfees anders vier.

Dit is ’n geleentheid vir ons gemeente om uit te reik na binne en buite en ook so die Evangelie aan ander uit te dra en God die eer te bring.

**Nooi dus jou familie en vriende of mense uit die gemeenskap, pak jou piekniekmandjie en kom geniet ’n heerlike aand saam met medegelowiges.**

En as jy dalk alleen gaan wees in hierdie tyd, of Kerstyd soos ’n berg voor jou lê omdat dit die eerste Kersfees sonder ’n geliefde gaan wees, kom sit tydens hierdie geleentheid by Jesus se voete en asem die wonderdade van God in.

Tafels en stoele word uitgepak vir dié wat nie op die gras wil sit nie. Indien dit reën sal die geleentheid na die saal verskuif word.





# Terebinte Ondersteuningsgroep

Ons lees in die Bybel van Terebinte-bome. Vandag ken ons dié boom as die Terpentynboom. Die immergroen boom het sy naam gekry van die geur van die blare. Wanneer dit liggies gevryf word, gee die blare ’n suurlemoengeur af, maar as dit gebreek word, ruik dit sterk na terpentyn. Die bome kan maklik tot 30 m hoog groei en is inheems in die Mediterreense streek waar dit bekend is vir sy veeldoeligheid: hout, medisinale waarde en eetbare vrugte.



**Terebinte is dus sinoniem met ou, sterk, veeldoelige groot bome met ’n baie diep wortelstelsel.**

Ons lees in Jesaja 61: 3 - **“hulle sal genoem word: Terebinte van geregtigheid, geplant deur die Here om Hom te verheerlik.”**

’n Nuwe diensgroep onder leiding van ouderling Hannes Venter is in die lewe geroep om lidmate wat met ’n verskeidenheid probleme worstel te ondersteun. Die Terebinte-ondersteuningsgroep gaan aanvanklik op drie aspekte fokus: **depressie, angsversteuring en verslawing.**

Volgens Hannes sal depressie en angsversteurings saam hanteer word omdat daar soveel wisselwerking tussen die twee toestande is.

**Depressie**
Depressie is ’n siekte wat jou hele liggaam, gemoedstoestand en denke aantas. Dit affekteer die lyer se eet- en slaappatrone, hoe hulle oor hulleself voel en ook hoe hulle oor die wêreld dink. Die goeie nuus is dat die regte behandeling depressie onder beheer kan bring.

**Angsversteuring**
Angstigheid is ’n normale verskynsel en is deel van die lewe. Matige angstigheid help inderwaarheid dat ons beter funksioneer. Hewige en gereelde angstigheid ly egter tot angsversteuring wat manifesteer in verskeie fisieke, emosionele en verstandelike reaksies. Ekstreme simptome van angstigheid moet met erns beskou word en mediese hulp moet gesoek word.

**Die volgende probleme met depressie en angsversteuring kom algemeen voor:**

- Depressie word dikwels nie gesien as ’n regte siekte nie.
- Mense is bang en te skaam om vir hulp te vra omdat hulle dink hulle is swak.
- Depressie word nie raakgesien nie.

“Angsversteurings manifesteer dikwels as ’n hartaanval. Deurlopende vlakke van angstigheid gee ook aanleiding tot depressie. Daarom hanteer ons hierdie twee aspekte saam,” verduidelik Hannes.

# Terebinte Ondersteuningsgroep (vervolg)

'n Wye verskeidenheid faktore kan depressie veroorsaak, byvoorbeeld werksdruk, finansiële probleme, gesinsprobleme, gesondheids-probleme en nog vele meer. Indien dit nie behandel word nie, kan dit vir baie lank aanhou en ernstige nagevolge inhou. Dit is egter 'n siektetoestand wat medies gediagnoseer kan word en met medikasie behandel kan word. Hierdie medikasie moet in samewerking met kundige mediese personeel, verkieslik 'n psigiater, voorgeskryf word.

**Verslawing**

Verslawing is wanneer 'n persoon 'n middel inneem (alkohol of dwelms) of deelneem aan 'n genotvolle aktiwiteit waar herhaalde betrokkenheid by die middel of aktiwiteit kompulsief raak en die normale funksionering van die persoon beïnvloed word. Dit is 'n breinversteuring wat gekenmerk word deur kompulsiewe betrokkenheid by lonende stimuli ondanks nadelige gevolge.

Moontlike oorsake en/of voorbeelde van depressie, angsversteuring en/of verslawing word getoon in die sketse hieronder:




Volgens Hannes, sal die Terebinte-ondersteuningsgroep met ouderlinge, diakens, die evangelisasiekommissie, gemeentelede se familie en/of vriende, predikante, krisissentrums, maatskaplike werkers, naburige en klassis gemeentes en ander kerke saamwerk.

**Die beplande werkswyse kan die volgende insluit:**

- Begin met aktualiteitsbespreking en/of toeligting deur 'n deskundige of iemand met persoonlike ervaring.
- Die daarstelling van 'n spesifieke belangegroep vanuit die aktualiteits-bespreking met 'n eie fasiliteerder en samekomste.
- Een-tot-een-gesprekke.

Vir verdere inligting of indien u by die groep betrokke wil raak, kontak br. Hannes Venter of gebruik die volgende:

E-pos: **terebinte@annlin.co.za**

WhatsApp: **072 809 8823**

Baie dankie aan diegene wat reeds insette gelewer het en hul dienste aangebied het.

Die eerste besprekingsgroep sal in Januarie 2025 afskop. Volle besonderhede sal nader aan die tyd deurgegee word.



# Geloftefees op 16 Desember 2024

Op **16 Desember** is dit Versoeningsdag en herdenk ons weer die Gelofte wat 'n groep Voortrekkers in 1838 toe hulle deur die Zoeloes bedreig is, aan God afgelê het.

Die gelofte in hedendaagse Afrikaans lui so:

**My broeders en medelandgenote, hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons dié dag en datum elke jaar as 'n dankdag, soos 'n Sabbat sal deurbring, en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis, ook vir die opkomende geslagte. Want die eer van sy Naam sal verheerlik word deur die roem en eer van die oorwinning aan Hom te gee.**

Let asseblief daarop dat ons Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin nie vanjaar 'n erediens op Versoeningsdag in ons Kerkgebou gaan aanbied nie.

Ons lidmate is welkom om die diens in die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort by te woon. Die diens begin om 09:00 en word voorgegaan deur dr. Malan Van Rijn. Na die diens word daar 'n Geloftefees-vertelling gereël.

Kliek op die prent hieronder vir die program:




Lidmate kan ook die diens en fees-verrigtinge by die Voortrekkermonument bywoon. Kom asb. vroeg – die hekke maak reeds om 06:00 oop. Die Gelofte word om 08:45 voorgelees en die erediens, wat gelei sal word deur ds. Stephan Botha, begin stiptelik om 09:00.

Kliek op die prent hieronder vir die program:



# Vervolgverhaal: Mia se mannewales - Deel 2



Die vreemde kreatuur is kleiner as wat ek gedink het. "Hoe het ek hier gekom?" vra hy met 'n skril stemmetjie. Ek begin giggel. Ek het gedink dat hy kwaaier gaan klink. Hy kyk my aan asof ek van 'n ander planeet af kom. My lag droog op. "Hoe het ek hier gekom?" vra hy en vou sy armpies voor sy bors. "Jy het in dié," ek wys na sy skip "gedoente uit die lug geval."

Ek raak bewus van kinders wat besig is om om ons saam te drom. "My navigasiestelsel moet foutief wees! Hoe gaan ek ooit betyds vir aandete by my planeet terugkom?" vra hy. "Eeeee! Gil 'n meisie "Dit kan praat!" Dan hardloop sy weg.

"Ons sal 'n plan maak," antwoord ek sy vraag. Ek sien 'n paar onderwysers aangestap kom om te kyk wat die samedromming veroorsaak. "Jy moet nou vinnig maak," sê ek vir hom. Juffrou Amanda blaas hard op haar fluitjie. "Almal, staan terug!" Dan sien sy die ruimtewese. "Wat is dít?" vra sy en beduie bewend na die groen skepsel. "Ons weet nie, Juffrou, maar Mia praat met hom," sê iemand. Die volgende oomblik val Juffrou flou.

Nog onderwysers kom nader. Een van hulle kniel by Juffrou Amanda. 'n Ander een skakel 'n nommer op haar foon. Ek dink sy bel 'n ambulans. Dan skakel sy nog 'n nommer. Ek hoor hoe sy ons skool se naam en straatadres in 'n benoude stemmetjie aframmel.

"Almal na hulle klasse toe! Die DBV kom nou om die ongedierte weg te vat. Dit is nie veilig hier nie!" bulder nog 'n stem.


Die kinders begin wegstap. Ek bly huiwerig staan. Voordat ek verder dink, gryp ek die mannetjie en begin hek toe hardloop ...



## Jongmensjolyt

# Aktiwiteit

Kom ons leer 'n nuwe kersliedjie! Nadat jy die verse gelees het, verbind die lirieke met die prentjie wat beste daarby pas.






**Kom, kinders, besing met 'n vrolike stem**

**Kom, kinders, besing met 'n vrolike stem**
**Die wonder van God in die stad Betlehem,**
**Want daar is die Heiland gebore, die nag**
**Die hoop van die wêreld, deur eeue verwag**

**Geringe klein dorpie in duister gehul,**
**'n heilswoord is deur die geboorte vervul**
**Die lig van die wêreld, die God'like kind**
**Is Jesus in wie ons die saligheid vind**






## Lag 'n slag ...

**Wat noem jy 'n vakansie...**
**...op 'n boot?**
**'n Vaarkansie.**
**...op die krieketveld?**
**'n Vangkansie**
**...saam met Miss Piggy?**
**'n varkansie.**
**... sonder eetgerei?**
**'n Vurkansie.**
**... op die rolskaatsbaan?**
**'n Valkansie.**



**Kleuterpret**

# Maak 'n Kerskaartjie





Volg die onderste stappe om hierdie tipe Kerskaartjie vir iemand te maak!

**Wat jy gaan nodig hê:**


A4-papier vir die buite kaartjie (kleur van jou keuse)
A4-papier vir binneste kruis (kleur van jou keuse)
Inkleur potlode vir versiering
Skêr
Gom

## A. Hoe om die binne kruis te vou:


1. Vou die A4 op die skuins lyn dat die geel kolle bymekaar uitkom.




2. Vou dan weer op die skuins lyn dat die rooi kolle bymekaar uitkom.



3. Vou dan op die reguit lyn dat die groen kolle bymekaar uitkom.




4. Sny dan op die stippellyn.




# Maak 'n Kerskaartjie (vervolg)

5. Vou die kruis oop.
Maak twee klein voutjies aan weerskante van die kruis wat na agter wys. Smeer dan gom op die klein gevoude deeltjies.




**B. Plak die kruis in die kaartjie:**

1. Vou die ander A4 in die helfte om 'n A5-kaartjie te vorm.



2. Plak dan die kruis in die middel van die A5-kaartjie, net met die geel voutjies, dat die kruis na buite uitvou.



3. Versier dan die kaartjie binne en buite om vir iemand 'n Geseënde Kerfees toe te wens!



# Het jy geweet?


Deur millennia is verskillende soorte fluite deur mense dwarsoor die aarde ontwikkel en tydens feeste en byeenkomste gebruik om stemming te skep. Vandag kry ons steeds verskillende soorte fluite – die blokfluit, dwarsfluit en kwêla-fluit, elkeen met sy eie unieke klank. Dan kry mens boonop nog ander houtblaasinstrumente soos die klarinet, die piccolo en die hobo.


Die verskil tussen hierdie instrumente vind ons in hulle fisiese voorkoms, die materiaal waaruit hulle gemaak is, hoe hulle klink, hoe die klank geproduseer word, die doel van die musiek en ook die koste van die instrument. Tog wanneer die fluite saam gespeel word in 'n orkes, bekoor die wonderlike klanke ons.

Fluite produseer klank wanneer lug oor openinge in die pyp of buis beweeg. Die hedendaagse fluit bestaan uit 'n lang buis met gate waardeur die lug ontsnap. Die musikant blaas die lug deur die buis en die gate word met die vingerpunte bedek om die lengte van die vibrerende lug te verander. Dit bring dan die verskillende toonhoogtes na vore.


Wat die fluit so besonders maak, is nie net die feit dat dit een van die oudste instrumente is wat opgegrawe is nie, maar die wye verspreiding dui daarop dat dit 'n instrument is wat in verskeie antieke kulture dwarsoor die aarde gebruik is en steeds gebruik word.

In Genesis 4:21 word Jubal, die vader van almal wat die ugab (fluit) en kinnor (harp/lier) bespeel het, genoem. Hierdie Hebreeuse term (ugab) verwys ook na blaasinstrumente in die algemeen. Die mashrôqîtā is 'n tipe fluit wat deur die Israeliete bespeel is en die vrolike, melodiese klank van die fluit het bygedra tot die skep van 'n opgeruimde gemoedstemming tydens familiegesellighede en feeste (1 Konings 1: 40, Jesaja 30: 29 en 1 Samuel 10: 5).









# Snuffelfontein




**Desember 2024**

Is jy hierdie vakansietyd op soek na aktuele en opbouende Gereformeerde leesstof? Gaan loer gerus op www.scriptura.co.za. Miskien durf jy die lang pad aan en wil bietjie luister na Bybelse perspektiewe op kerk, kultuur en samelewing? Luister gerus gratis na ons podsending, Radio Scriptura vanaf ons webblad of enige potgooispeler soos Apple Podcasts of Spotify! Ons episodes is ook as video's beskikbaar op ons YouTube kanaal. Sommige van ons nuutste episodes gaan oor:

- **die nuwe hemel en aarde,**
- **die lewe na die dood,**
- **'n luisteraarsvraag oor bewyse van God se bestaan**
- **'n vraag oor lotery en mediese fondse.**

Jy is ook baie welkom om jou vrae vir ons te epos en ons oorweeg graag om dit te beantwoord!

Scriptura is 'n Gereformeerde blog en potgooi. Ons is oortuig daarvan dat die hele Skrif deur God geasem is. Die hele Skrif is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat ons vir elke goeie werk volkome toegerus kan word (2 Timotheus 3:16,17).
Ons poog om juis dít vir jou te wys in ons skrywes, episodes en publikasies.


**Webblad:** www.scriptura.co.za

**Epos:** info@scriptura.co.za

**YouTube:** https://www.youtube.com/c/Scriptura

**Apple Podcasts of Spotify:** Soek vir "Radio Scriptura"

**Facebook:** http://facebook.com/scripturaweb



Tweedehandse tuingereedskap beskikbaar. Hoogste aanbod sal aanvaar word. Koopsom word geskenk vir GK Annlin Evangelisasie. Kontak die Kerkkantoor by 012 543 1492.

MONATENG SAFARI LODGE

2x Eenslaapkamerchalets beskikbaar vanaf 20 - 27 Desember 2024 by Monateng Safari Lodge! Die plekkie akkommodeer 2 volwassenes en 2 kinders onder 12. Kontak gerus vir Johan v.d. Walt by 082 378 3147 vir meer inligting!




Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms: